




Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 27 Oktober 1948 No. 48

PRYS 3d.

80 A.P.-takke Sal In Paarl Konfereer

Die organisasie van die Afrikanerparty in Mosselbaai vorder fluks, na mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die Party in Wes-Kaapland, meedeel. Verlede Vrydag is 'n Sub-Afdelingsbestuur vir Mosselbaai saamgestel op 'n vergadering waarop alle takke van die kiesafdeling verteenwoordig was.

Mnr. George Brink is tot voorsitter van die Afdelingsbestuur benoem terwyl mnr. Willem Zietsman en J. Pio tot onder-voorsitter en sekretaris onderskeidelik benoem is. Afgevaardigdes om die A.P.-konferensie op 2 en 3 November in die Paarl by te woon, is ook aangewys.

Die sekretaris deel mee dat hy reeds 'n hele aantal name van afgevaardigdes ontvang het en dat ander takke besig is om reëlins in hierdie verband te tref. Afgevaardigdes uit sowat 80 takke word verwag.

Die aandag van A.P.-takke word opnuut daarop gevestig dat die name van die afgevaardigdes sowel as beskrywingspunte so spoedig moontlik aan die sekretaris, Groote Kerkgebou 705, Kaapstad, gestuur moet word. Verblyf word ook vir afgevaardigdes gereël en hulle kan met bostaande adres in verbinding tree of direk met mej. E. M. Roux, Di Riolto, Paarl, wat ook reëlins in hierdie verband tref.

ding tree of direk met mej. E. M. Roux, Di Riolto, Paarl, wat ook reëlins in hierdie verband tref.

Kandidate Van A.P.

Die name van die kandidate van die A.P. vir die provinsiale verkiesing sal na verwag word voor die einde van die week aangekondig word. Dit sal geskied nadat die name aan mnr. N. C. Havenga, leier van die party, voorgelê is vir goedkeuring.

Die Afrikanerparty het aangekondig dat mnr. Havenga die Uniale kongres van die party wat op 1 en 2 Desember te Brakpan gehou word, sal open. 'n Groot aantal afgevaardigdes word verwag.

Beskrywingspunte van die verskillende takke moet voor 15 November aan die organiserende sekretaris, mnr. J. H. Richter, Posbus 8262, Johannesburg, gestuur word.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

„Geen O.B.-Lid Mag Staan’, Versoek Afd.-Bestuur

Johannesburg.—Die volgende besluit is geneem deur die H.N.P.-afdelingsbestuur op Ventersdorp, een van die plattelandse kiesafdelings wat hier aan die Afrikanerparty toegeken is vir die aanstaande provinsiale raadsverkiesings:

„Dat die H.N.P.-afdelingsbestuur hom honderd persent gaan be-ywer tot die sukses van ons bondgenoot die A.P. in die provinsiale verkiesing.

Ons versoek die A.P. vriendelik om eenwording op

hulle agenda te plaas vir hulle volgende kongres se bespreking en ons voorwaarde is as volg: dat geen A.P.-lid wat ook lid is van die O.B. gestel sal word as kandidaat nie.”

Die afdelingsbestuur van die Afrikanerparty het hierdie besluit in oorweging geneem en in hul antwoord aan die H.N.P.-afdelingsbestuur daarop gewys dat die laaste gedeelte van die besluit lynreg in stryd is met die vorige gedeelte.

Verneem word dat die Afdelingsbestuur van die Afrikanerparty 'n benoeming sal doen sonder om te diskrimineer teen lede van die eie party.

Londen Draf Saam Met Ontbinding Van Ryk

Die Ierse minister van buitelandse sake, Sean McBride, wie se vader saam met die Boere teen die Britse aggresie van 1899 geveg het, en in 1916 na die Ierse opstand deur die Britte tereggestel is weens „hoogverraad,” gaan blykbaar verantwoordelik wees vir 'n nuwe fase in die ontbinding van die Britse Ryk. In die volgende weke gaan die regering van Eire wetgewing indien om die Britse kroon af te skaf in sover dit nog gebruik was vir buitelandse handelinge. Van Britse kant word alles in werking gestel om te verhoed dat hierdie stap 'n algemene uitrafeling van die Statebond ten gevolge gaan hê.

WIL LIEWER LEI AS KEER

nog tuis sal voel binne die geselskap van John Bull. Maar daar is 'n ander vyand wat die Britse Statebond bedreig en Londen baie ongemak verskaf. Dit is die Amerikaanse leiding in die verdediging van die Weste. Nie meer Brittanje nie, maar Amerika is die aantrekkingskrag vir swakker state wat hul krag in groter verband soek.

(vervolg op bladsy 8)

Sterk A.P.-Kandidate Vir Wes-Kaapland Aanbeveel

Mnr. Max Smuts van Franschhoek is eenparig deur die Sub-Afdelingsbestuur van die Afrikanerparty in die Paarl by mnr. Havenga aanbeveel as A.P.-kandidaat wat die setel met die komende provinsiale verkiesing sal betwis. Uit Mosselbaai word berig dat mnr. F. H. Robertson ewe-eens eenparig deur die Afrikanerparty aanbeveel is om die Mosselbaaise setel namens die A.P. te betwis. Die besluit is verlede Vrydag geneem.

Sowel mnr. Robertson as mnr. Smuts is bekende en vooraanstaande plaaslike leiers met onbetwisbare bekwaamheid en is standvastige volksmanne. Mnr. Francis Robertson is gebore en het groot geword in die Mosselbaaise kiesafdeling. Hy het in 1915 lid van die Nasionale Party geword en het die party 25 jaar lank gedien — eers as sekretaris van die distriksbestuur van George en later as voorsitter van die distriksbestuur Outiniqualand in die kiesafdeling. Tans is hy voorsitter van die Afrikanerparty-tak Diepkloof asook generaal in die Ossewa-brandwag.

Mnr. Robertson is 'n groot vee- en saaihoer en is voorsitter van die Afdelingraad van George, onder-voorsitter van die S.W.-Distrikte-Landbouunie, lid van die Appèlbeheerraad en onder-voorsitter van die S.W.-Distrikte Koring-Koöperasie. Hy is ook direkteur van die Langeberg-

Koöperasie en ouderling van die N.G.-Kerk.

UITGESKOP

Hy het 20 jaar lank op die skoolraad gedien as gewone lid, en later as verteenwoordiger van die Administrasie. Hy was ook lid van die Dranklisensieraad. Hierdie poste het verval



Mnr. Max Smuts.

toe die Smuts-regering teen die O.B. begin optree het.

Mnr. Max Smuts is woonagtig in die Paarl-kiesafdeling en het sy skoolopleiding aan die Paarl-Gimnasium Hoërskool geniet. Hy het sy lewensstaak begin as asst.-stadsklerk van die Paarl en was later stadsklerk en skoolraadsektaris te Franschhoek. Vir die afgelope 18 jaar is mnr. Smuts 'n wyn- en vrugteboer.

OOREENKOMS

Voor die verwydering tussen die O.B. en H.N.P. was mnr. Smuts vir 13 jaar lank voorsitter van die Nasionale Party te Franschhoek en gedurende die tydperk lid van die distriksbestuur, Paarl. Tans is hy voorsitter en stigter van die A.P.-tak op Franschhoek sowel as voorsitter van die Sub-Afdelingsbestuur van die A.P. in die Paarl-kiesafdeling. Hy is ook hoofgeneraal in die Ossewa-brandwag.

Tydens die afgelope verkiesing het hy as O.B.-generaal 'n plaaslike ooreenkoms met die H.N.P.-kandidaat aangegaan en aktief deelgeneem aan mnr. Pieter Hugo, E.V., se verkiesingsstryd toe hy ook saam met mnr. Hugo vergaderings in die Paarlse stadsaal toegesprek het.

stap van Eire met groot belangstelling volg, veral wat die Britse reaksie daarop sal wees. Indien dit gebeur sonder groot skok vir Ierland, mag Indië binne enkele maande dieselfde doen. Reeds is daar 'n sterk agitatie in die Indiese pers vir afstigting aan die gang. Die pers se reaksie na afloop van die dominiale konferensie was dat Indië hom moet onttrek aan 'n statebond waar „rassediskriminasie, fascisme en uitbuiting” aan die orde is.

SIMBOOL VAN AGRESSIE

Van Britse kant word baie hard gedink om die nuwe toestand die hoof te bied. Die Iere het die Britse regering meegedeel dat hulle nog bereid is om waar gemeenskaplike belange dit vereis, in samehang met die Statebond op te tree, en dat afskaffing van die Kroon so 'n samewerking juis makliker sal maak omdat die Kroon vir die Iere 'n simbool van verowering is. Brittanje sal dus nie iets wil doen uit weerwraak wat die Ierse samewerking in die praktyk gaan verongeluk nie.

NUWE FORMULE

Daarom word daar nou gedink om 'n formule vir die Britse Statebond te kry wat voorsiening maak vir vrye republieke waarin die Kroon nie meer die bindingskrag sal wees nie. Reeds is aangekondig dat die benaming „Britse Statebond” nou sommer vanself weggeval het en dat dit voortaan bekend sal staan as die Statebond, sonder die Brits daarby. Ook die benaming „Dominium” is besig om te verval en verskyn nie in amptelike stukke van die Statebondskonferensie nie.

NUWE BEDREIGING

Hierdie naamsveranderings dui daarop dat die Britse diplomatie besig is om die klerke van die opgroeiende jongeling 'n bletjie te verstel sodat hy hom

UNIE KRY STEUN

Wanneer die aanklag teen Suid-Afrika oor die behandeling van die Indiërs voor die V.V.O. dien, sal Suid-Afrika die steun van Kanada geniet, berig Sapa uit Parys. Kanada sal die Unie ook steun in verband met Suidwes-Afrika. Suid-Afrika het nou ook die toestemming van die V.V.O. verkry om die reg van die V.V.O. om in sake van sy ledestate in te meng, te bespreek.

GRYSHEMDE GAAN BELEID VERANDER

Die Joodse ondersteuner van die H.N.P., mnr. J. Nossel, het in 'n persoonlike gesê dat sy volgende nou al meer as een miljoenêr insluit. Op Rondebosch het hy 'n H.N.P.-tak gestig met 60 lede waarvan 17 Jode is.

Mnr. Nossel het ook gesê dat hy 'n samespreking met mnr. L. Weichardt, leier van die Grys-hemde, gehad het, en dat mnr. Weichardt hom meegedeel het dat hy sy beleid teenoor die Jode in heroerweging sal neem sodat dit met die beleid van dr. Malan ooreen sal stem.

Parlementêre Stelsel Onder Soeklig

Die toekoms van parlementêre regering is die afgelope week deur die verteenwoordigers van die dominiums op die Rykskonferensie bespreek. Die verteenwoordiger van Ceylon het die besprekings ingelui deur 'n oorsig te gee van die parlementêre stelsel en het dit vergelyk met ander regeringsvorms soos dié van Frankryk en die V.S.A. Suid Afrika het ook aan die besprekings deelgeneem.

Daar is nie berig of daar enige formele besluite in die verband geneem is, en wat die werklike inhoud van die besprekings was nie. Daar kan egter aangeneem word dat Brittanje nie ten gunste sal wees van 'n afwyking van die Britse parlementêre stelsel nie omdat dit vir hom die geskikste middel is om sy beheer oor die dominiums te behou daar dit die binnelandse toestand verswak en eenheidsopbrengde onmoontlik maak

Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B.” gesien het.

UNIE SE BESTUURSVORM WORTEL VAN KWAAD SÊ

MEDIKUS

Sterk steun vir die standpunt van die Ossewabrandwag dat dit onmoontlik is om iets doeltreffends onder die bestaande stelsel tot stand te bring omdat lewensbelangrike dienste verbokkel word onder 'n veelvoud van plaaslike en landsgesag, is afkomstig van dr. Karl Bremer, voorsitter van die Mediese Raad, in 'n verklaring wat hy in sy persoonlike hoedanigheid uitgereik het na aanleiding van die geskil tussen die Transvaalse Provinsiale Raad en die medici van die provinsie. Dr. Bremer plaas die skuld vir die moeilikheid op die skouers van die bestuursstelsel wat 'n skandaal van die volksgesondheid maak en tot 'n debakel lei.

Onder meer verklaar dr. Bremer: „'n Bestuursvorm wat soos die provinsiale een inmenging met die openbare gesondheid toelaat, wat 'n funksie van die sentrale regering is, is reeds lank as onmoontlik vir Suid-Afrika beskou . . . Dit is niks minder as 'n grondwetlike kwessie nie.

„Alle mediese dienste, verplegings- en hospitaaldienste moet onder toesig van die Departement van Volksgesondheid geplaas word . . . Die huidige beheer is 'n politieke anakronisme, wat 'n skandaal van volksgesondheid maak en feitlik tot 'n debakel lei,” aldus dr. Bremer.

VERWAG BELEID

Die Smuts-regering het geweier om die saak aan te raak omdat dit 'n grondwetlike kwessie is. Die land sowel as die mediese beroep is reg waar hul-

le 'n duidelike beleid verwag. „So 'n verklaring van beleid deur die regering sal vandag 'n besliste einde maak aan die toestand wat in Transvaal bestaan. As die sentrale regering dit duidelik maak dat hy sal begin om sy beleid by die aanstaande Parlementsitting uit te voer en dat hy begerig is om tot 'n uiteindelijke ooreenkoms met die volk en die mediese beroep te kom oor die beste manier om die nodige hospitaal- en gesondheidsdienste aan die land as geheel te gee, sal die beroep môre in enige omstandighede sy werk hervat met die wete dat die uiteindelijke oplossing gou in ooreenstemming met die beroep gebring sal word en dat die dwase provinsiale beheer sal verdwyn.”

WEL MOONTLIK

Dr. Bremer verklaar dat dit sy persoonlike mening is uit jare van ondervinding dat dit moontlik is om 'n Uniale skema vir die

land uit te werk en dat die mediese beroep ryp is vir 'n algehele verandering van sy diens aan die gemeenskap, en verklaar ten slotte dat die tyd nou aangebreek het om die hele saak aan te pak.

Dit is opvallend dat die standpunt van die Ossewabrandwag wat die lappies-regeringsvorm wil afskaf al meer en meer steun van leidende figure in die samelewing ontvang.

Sterk Russiese Duikbootvloot

Rusland is besig om 'n nuwe vloot te bou wat hoofsaaklik uit duikbote bestaan. 250 van hierdie bote is reeds voltooi en 100 is nog in aanbou, volgens 'n berig uit Londen. Daar word aan toegevoeg dat Rusland sy vloot aansienlik versterk het deur Duitse en Japanse skepe waarop hy beslag gelê het. Ander Duitse skepe wat beskadig is gedurende die oorlog word ook nou deur die Russe opgeknop.

Rusland het ook beslag gelê op een Britse slagskip, sewe torpedojaers en vier duikbote sowel as 'n Amerikaanse kruiser totdat die Italiaanse skepe wat aan Rusland toegesê is, aan hom uitgelewer word.

SUIDWES KRY IN UNIE-PARLEMENT VERTEENWOORDIGING

Suidwes-Afrika sal met die aanstaande sitting van die parlement formeel nader aan die Unie getrek word deur wetgewing wat sal bepaal dat Suidwes ses verteenwoordigers in die volksraad het en twee in die senaat — een deur die staat benoem. Dr. Malan het verlede Donderdag namens die Unie-regering met die twee politieke partye van die gebied ooreengekom dat hulle op hierdie wyse verteenwoordig sal word. Die kabinet sal egter oorweeg of die verteenwoordiging in die senaat nie met nog twee uitgebrei moet word nie.

Hoewel die ontwikkeling nie inlywing beteken nie, sal die gebied voortaan nouer aaneensluiting met die res van die Unie geniet en wanneer dit in werking tree, sal die regering waarskynlik sy meerderheid in die volksraad met minstens vier lede kan versterk aangesien dit die getal is wat die nasionaal-gesindes meen hulle na die volksraad sal kan stuur. Dit mag moontlik meer wees.

Suidwes behou egter sy eie belastingstelsel en sy verteenwoordigers sal geen seggenskap hê in die belastingwette van die Unie, hoewel hierdie bepaling nie verhoed dat hulle mag stem wanneer dit gaan oor die kwessie van vertroue in die regering nie.

UITVOERENDE KOMITEE

Die Administrateur word die hoof-uitvoerende amptenaar en is voorsitter van die Uitvoerende Komitee wat saam met hom uit vyf lede sal bestaan. Dit vervang die Adviserende raad wat afgeskaf word.

Die wetgewende vergadering bly voortbestaan en sal uit agtien lede bestaan, gekies op

dieselfde beginsels as die ses lede vir die Unie-volksraad. Sy lewensduur is vyf jaar. Die magte van hierdie liggaam sal saamhang met die medeseggenskap in Uniale wetgewing en aan die ander kant die finansiële verhouding tussen die Unie en Suidwes.

'n Kommissie sal aangestel word om ondersoek in te stel na die vraagstukke van finansiële verhouding tussen die twee gebiede.

FEDERASIE

Politieke waarnemers wys daarop dat daar eintlik 'n federasie tussen die Unie en Suidwes aan die gang is in teenstelling met genl. Smuts se bedoeling om die gebied as provinsie in te lyf. Hulle meen ook dat hierdie federale verhouding uiteindelik die mandaatskap sal vervang.

Volgens die Cape Times sal al ses volksraadslede asook die twee of vier senatore ondersteuners van die regering wees, „wat beteken dat Suidwes eintlik die magsgewig in die parlement sal hou.”



Terwyl die tafelbediende besig is om sy gedekte tafels na te sien, hoor hy hoe die Sjef en die Hooftafelbediende die getal passasiërs, wat vir ete gaan aansit, bereken.

Dan, asof op die maat van die wiele, hoor hy hoe die getal vermenigvuldig . . . 200, 400, 4,000, 400,000, 4,000,000!

Dit is die taak waarvoor die verversingspersoneel van die Suid-Afrikaanse Spoorweë iedere jaar te staan kom . . . vier-

miljoen maaltjies wat op treine en in eet-salonne die hele land deur bedien word.

Dit is 'n reusetaak, want al die voorafgaande berekenings, bestellings, verkryging en aflewering van voedingsmiddels, moet met die ingewikkelde bewegings van honderde treine ingeskakel word.

Dit geskied alles ongemerk agter die skerms, lank voordat u daardie welbekende ghong hoor wat aankondig dat u tafel gedek en u ete gereed is.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

Unie-Verdediging Op Amerikaanse Patroon

Daar is alle aanduidings dat die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag voortaan nie net van Britse inligting afhanklik sal wees nie, maar dat Amerikaanse kennis ook aangewend sal word vir sy opknapping.

Die Minister van Verdediging het die afgelope week die vertroue uitgespreek dat Suid-Afrika in die nabye toekoms in staat sal wees om aansienlik meer offisiere en manskappe van die Lugmag vir kursusse na die Verenigde State te stuur. Die Minister het gesê dat die Amerikaners tot dusver vryelik die inligting verstrek het wat die

Unie verlang het.

Berigte wil ook dat die Verdedigingsmag die moontlikheid oorweeg om van Britse na Amerikaanse wapens oor te skakel. Dit stem ook ooreen met die Amerikaanse beleid wat vir sy Westerse blok graag eenvormige wapens en ammunisie wil invoer. So 'n versoek is reeds aan Spanje gerig.

JOODSE STEUN VIR H.N.P.: TRANSVAAL GEE MOEILIKHEID

Die pogings wat daar aangewend word om 'n Joodse front in Suid-Afrika in die lewe te roep wat die regering sal steun, was die afgelope weke 'n voorwerp van drukke bespreking, hoofsaaklik as gevolg van uitlatings van mnr. J. Nossel, 'n Kaapstadse Jood, wat aan die hoof van die beweging staan en aansienlike finansiële steun ontvang om sy doel te verwesenlik.

Hoewel mnr. Nossel verklaar dat hy heelwat Joodse steun geniet, het die Zionist Record, mondstuk van die Jode in Suid-Afrika, hom die afgelope week gewaarsku dat hy nie 'n aparte Joodse aanhangsel van die H.N.P. moet stig nie maar dat hy sy ondersteuners moet aanmoedig om direk by die H.N.P.-takke aan te sluit.

Die blad wys daarop dat die partye in die verlede nog altyd 'n beroep op die Jode gedoen het om hulle te steun, maar nog nooit is 'n Joodse party-organisasie gevorm nie.

„Ons voel dat dit in die belang van die saak is wat hy dien sowel as in die belang van die goed gevestigde Joodse tradisie van burgerskap, dat mnr. Nossel verstandig sal handel as hy nie 'n Joodse tak van sy party sal stig nie, maar om Joodse ondersteuners van die Nasionale Party aan te moedig om by die gewone takke van die party aan te sluit waar hulle ook al mag wees. „Die in die lewe roep van die Joodse tak van enige party dra 'n „ghetto“-reuk en sal sterk teenstand ondervind,” verklaar die blad.

As Jode nie lid mag word van enige politieke party nie dan is dit die party se taak om sy kinstutisie te wysig dat hy verseker is van steun onder hulle gelede, aldus die blad.

AGTERGROND

Die geskiedenis van die saak gaan 'n hele paar maande terug toe mnr. Nossel openlik te kenne gegee het dat hy die H.N.P. steun en hom beywer om Joodse ondersteuners te werf.

Volgens 'n berig in Die Burger het dr. Malan kort gelede teenoor mnr. Nossel verklaar dat bloedverwante van die Jode op humanitêre gronde in Suid-Afrika toegelaat sal word. Die blad het ook berig dat daar op landswye skaal georganiseer word vir die tot stand bringing van 'n beweging van Joodse ondersteuners van die regering.

Hoewel Jode in Kaapland lid van die H.N.P. mag word, mag hulle nie in Transvaal lede van die Party word nie. In pers-ouderhoude wat onder andere in Die Vaderland en Rand Daily Mail verskyn het, het mnr. Nossel verklaar dat „'n Randse leier van die H.N.P.” hom die versekering gegee het dat die kongres van die H.N.P. in Transvaal wat op 16 en 17 November gehou word, die kwessie van Joodse lidmaatskap van die party sal bespreek, en dat die leiers beslis ten gunste is van die herroeping van die verbod op Joodse lidmaatskap.

JODE-ORGANISASIE

Mnr. Nossel het ook gesê dat hy op versoek van 'n groot aantal Jode besig is om 'n organisasie van nasionaalgesinde Jode in die lewe roep. Hy het gesê dat hy deur 'n Joodse miljoenêr gefinansier word om die Jode te organiseer ter ondersteuning van die regering en dat hy reeds groot welslae behaal het.

Nadat die verklarings in die pers verskyn het, het mnr. J. de Klerk, hoofsekretaris van die H.N.P. in Transvaal, 'n verklaring uitgereik waarin hy sê dat dit „baie ongelukkig en ongewaag is van iemand uit 'n ander provinsie om sonder kennis van

sake van die Party in hierdie provinsie, bewerings in persgesprekke te kom doen wat ons hier in die eerste plaas aangaan.” Hy verklaar verder dat daar nog geen agenda vir die kongres opgestel is nie. „Dit is selfs nie vanselfsprekend dat daar enige punt op die agenda oor die onderhawige saak sal wees nie.”

STATEBOND BEWAPEN

Die lande van die Britse Gemenebes het formeel in Londen besluit dat daar weer herbewapen moet word om die gevaar van 'n dreigende oorlog die hoof te bied en alle moontlike agressors teen te staan. Suid-Afrika, wat deur mnr. Eric Louw verteenwoordig was, het ook aan die besprekings deelgeneem. Die opbou van die gewapende magte sal nie net tot Brittanje beperk wees nie, maar tot alle statebondslende.

Amerika het ook aangekondig dat hy in die komende boekjaar \$3,812,000,000 aan verdediging gaan bestee. Dit is die grootste oërbegroting wat nog ooit in 'n redestyd aangekondig is. Dit is ongeveer 30 keer soveel as die hele jaarlikse uitgawe van die Unie.

Dit is ook bekend dat Rusland besig is om sy leër tot oorlogsterkte op te bou.

Britte Vrees Rooi Houvas Op Vakbonde

Etlike duisende lede van die Britse vakbonde het Sondag 'n besluit aangeneem waarin hy die regering en die vakbondvereniging aangedring word om maatreëls te tref vir die verwydering van Kommunistiese beheer oor die vakbondbestuur, volgens 'n Sapa-Reuter berig.

Dit was veral gedurende die oorlog toe Rusland en Brittanje kamerade was, en die Kommunistiese party as patronaat van die demokrasie getoetel is, dat

DOOD RED VELDHEER VAN WRAAKVERHOOR

Veldmaarskalk Walther von Brauchitsch, die 67-jarige Duitse veldheer vir wie die Britte van voorneme was om aanstaande Januarie van oorlogsmisdade aan te kla nadat hy van sy militêre rang onthef is, is verlede week in Hamburg oorlede. Hy was sedert die beëindiging van die oorlog as krygsgevangene in Brittanje aangehou.

Hy was aanvoerder van die Duitse magte in Pole. Daar is berig dat hy sekere verklarings op sy sterfbed gedoen het wat nie voorheen bekend was nie.

Drie ander Duitse veldhere, veldm. Gerd von Rundstedt, veldm. Fritz von Manstein en kol.-genl. Strauss, wag nog op verhoor. Hulle is almal al hoog bejaard.

Wet Beveilig Kiesers Teen Besware

In die lig van die beslissing van die hersieningshof wat verlede week in die Paarl beslis het dat die beswaar wat daar teen die 594 Kleurlingkiesers gemaak is, ongeldig is omdat daar geen definitiewe gronde aangevoer is nie, wil dit voorkom asof massa-skrapping van die kieserslys, soos deur die V.P. onder die nuwe wet voorspel is, nie in die praktyk uitvoerbaar is nie.

In die geval van aansoeke om registrasie, rus die bewyslas op die aansoeker, indien daar teen hom beswaar gemaak word, maar as hy eers eenmaal op die lys is, moet die beswaarmaker spesifieke gronde aanvoer en dit bewys, anders maak hy hom skuldig aan 'n strafbare oortreding. Party-organiseerders sal dus baie versigtig moet wees in die toekoms wanneer hulle beswaar maak teen 'n geregistreerde kieser.

In verskeie kiesafdelings het die H.N.P. massa-besware gemaak, o.a. teen 400 kleurlinge in Hottentotsholland.

ITALIAANSE KEWER IN PROVINSIALE GEBOU

Die Italiaanse houtkewer wat as gevolg van die gebrek aan doeltreffende optrede van die vorige partybewind hom deeglik in Suid-Afrika ingegrawe het, het die afgelope tyd ook sy verskyning in die nuwe Provinsiale gebou in Kaapstad gemaak en reeds aansienlike skade aangerig nietaande daar elke maand meer as £20 aan spuitstowwe bestee word om die plaag teen te hou nie.

Dit is veral die sagte hout in die gebou wat deurloop en die vernietigingswerk is hoofsaaklik tot die vensterspanele, rakke en sommige lessenaars en stoele beperk.

Arbeiders gebruik maandeliks tot soveel as 60 gelling spuitstof om die plaag die hoof te bied, maar uitgeroei kry hulle hom nie.

Na verklaar word het die kewers in die gebou te lande gekom toe minderwaardige en onbehandelde hout gedurende die oorlog gebruik moes word toe daar geen regulasies was vir verpligte behandeling nie.

Meer as twee jaar lank is daar geagiteer voordat die regering sy aandag van Europese ver-

die Kommuniste hulle in die Britse nywerheid ingegrawe het. Die voorbeeld van Frankryk, waar die Kommuniste tans hoogty vier in die nywerheid, voor die aanrollende Russe laat die oorlogse skille van die Britse oë nou afval.

Alle Immigrante Oor Een Kam

Die immigrasiebeperkings wat die regering in werking stel, geld nie net vir immigrante uit Brittanje nie, maar vir immigrante uit elke land in Europa, het mnr. Eric Louw verlede week in Londen verklaar toe hy beskuldigings teen die regering behandel het.

Verlede Vrydag het daar 720 Hollandse immigrante in Kaapstad aangekom. By hul aankoms het dr. G. Ryss, voorsitter van die Hollandse immigrasiekomitee, verklaar dat dit onseker is of Hollandse immigrante nog na die end van die jaar in Suid-Afrika toegelaat sal word. Daar is ongeveer 8,000 wat wil kom, het hy gesê.

Die verklaring van mnr. Louw in Londen neem egter alle twyfel weg by diegene wat gemeen het dat een land bo die ander begunstig sal word: Alleen immigrante wat 'n werklike aanwinst vir Suid-Afrika is, is welkom.

SMUTS WEERSPREEK

In verband met die immigrasie, skryf die Economist (Londen) dat daar nie genoeg statis-

tiese is om genl. Smuts se bewering te staaf dat Suid-Afrika nog meer immigrante kan absorbeer nie. Die blad vervolg: „Maar dit is waar dat die aantal immigrante wat Suid-Afrika kan absorbeer in ooreenstemming moet wees met die werkgeleentheid en dat daardie hoeveelheid waarskynlik gedurende die afgelope twee jaar oorskry is. Die Nasionale regering mag daarom 'n goeie ekonomiese saak hê om immigrasie te beperk tot alleen geskoolde werkers. Die klaarblyklike rede vir die beperking is egter nie ekonomies nie, maar politieke oorwegings”.

Teregstellings Nog Steeds

Die Amerikaanse bevelhebber in Duitsland, genl. Cley het opdrag gegee dat 110 Duitsers wat van oorlogsmisdade aangekla was, opgehang moet word. Dertien is reeds tereggestel en die res sal in groepe van tien tereggestel word.

Nege-en-twintig van hierdie veroordeeldes se vonnisse word tans hersien na aanleiding van versoeke wat gerig is deur die Protestantse Biskop van Württemberg en die Katolieke Biskop van München. Die versoek is gegrond op besware teen die manier waarop die verhoor plaasgevind het.

DIE KIESKEURIGE MAN

GAAN VIR SY KLERE NA



omdat hy weet
dat hy waarde vir
sy geld kry.

SO PAS 'N UIT-
STEKENDE SNYER
VAN DIE VASTE-
LAND IN DIENS
GENEEM.

ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

Probeer die nuwe
**SPRINGBOK-
„Medium”**



OOK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KURK

DIE O.B., WOENSDAG, 27 OKTOBER 1948

DIE BRITSE KROON

Die Ierse beslistheid om in die volgende weke 'n wet aan te neem wat die laaste formele band met Brittanje verbreek, is nie sonder betekenis vir Suid-Afrika nie, en word ook noukeurig deur Indië dop gehou. Dit kan dus 'n verrekende invloed op die bestaande verhouding van die Britse Statebond uitoeven.

In hierdie tyd van kragmontering tussen die reuse van die wêreld waar klein volkies met bewing wag op die uitkoms van die botsing, mag baie mense meen dat die Iere darem 'n baie onbenullige ding aanvang op 'n tyd wanneer die geskiedenis juis in die teenoorgestelde rigting beweeg na groter konsolidasie van volkegroepe. Met die eerste oogopslag lyk dit dan ook so, maar diegene wat rekening hou met die sielkunde van die mens, sal saamstem met die Ierse standpunt dat samewerking met Brittanje en sy Ryk deur so 'n stap veel eerder bevorder as benadeel kan word.

Die republikeinse strewe van die Afrikanervolk is van Engelse kant nog altyd voorgestel as 'n strewe na isolasie. Die Afrikaner sou hom wil afsonder van die res van die wêreld en hom besig hou met sy eie „klein” wêreldjie. Hierdie mense dink nooit daaraan dat Amerika juis die teenoorgestelde bewys nie. Ook hier het 'n ondergeskikte land hom ontworstel aan die gesag van Brittanje en sy eie koers onafhanklik ingeslaan. Maar reeds tweekeer in die geskiedenis van Europa het hierdie land ingegryp om Engeland in 'n oorlog by te staan, en vandag leun die Britse volk swaar op die kragtige arm van die seun wat eenmaal met soveel beslistheid hom losgewoel het van die moederlike omhelsing.

Hy kan dit doen, want sy eer is nie gekrenk nie.

Simbool Van Vernedering

Anders is dit in die geval van Suid-Afrika, Ierland en Indië. Hierdie lande is deur Engeland onderwerp en onder gehou met middele wat diep wonde in die siel van die onderskeie volke geslaan het. Ons nasionale trots is gekrenk. In die Britse vlag en kroon sien ons 'n simbool nie van vriendskap nie, maar van verowering en vernedering. En al praat die statuut van Westminster nou ook al hoe liefies van „vrye assosiasie”, elke Afrikaner weet dat daardie assosiasie alleen vrywillig sou gewees het as dit onder leiding van 'n eie president geskied het in plaas van onder leiding van die een of ander minister van die Britse kroon.

Die vernedering en pyn wat ons in 1902 aangedoen is as volk, kon nog nooit afgevyf word met al die dokumente vol toegewings en verhoogde statusse wat ons van die Britse ministerie in Londen ontvang het nie. Dit is nou eenmaal 'n sielkundige feit of dit redelik is of nie, en of 'n Engelsman dit nou al as „ondankbaar” beskou of nie. Geen volk met selfrespek kan geesdrif ontwikkel vir samewerking met diegene wat hom van sy staat beroof het en nou uit die hoogte toegewings maak binne 'n raamwerk wat bedoel is om hom 'n gewillige dienaar van sy veroweraar te maak nie. Die onreg moet eers herstel word, en dit kan alleen gebeur wanneer Suid-Afrika terugkry wat van hom afgevat is: 'n eie staat met 'n selfverkose staatshoof. 'n Staat waarin hy hom tuis sal voel omdat dit sal aanpas by sy tradisie en volkskarakter, en nie 'n staat soos ons tans het wat die skyn van vryheid het, maar in die praktyk deur uitheemse instellings en stelsels bedoel is om die Afrikaner nog steeds slaaf te maak van sy veroweraar nie.

Op Grond Van Agressie

Ons weier as trotse volk om die kniehalter van die Britse Kroon te dra as simbool van ons verbondenheid aan die land wat die grootste aggressie teen 'n vrye volk in die moderne geskiedenis gepleeg het, en elke keer wat die Afrikaner opgeroep word om saam met daardie land teen „agressie” te veg, hoe sterk die omstandighede dit ook al vereis, roep dit ook by hom op 'n weersinwekkende beeld van huigelary omdat hy staan waar hy staan op grond van aggressie teen homself gepleeg.

Hierdie sielkundige reaksie sal alleen dan bedaar wanneer die Afrikaner se gekwete gemoed genees is deur die herstel van sy trots en selfrespek. En daardie herstel kan alleen plaasvind wanneer hy sy selfstandigheid ook sien in die simbool van eie onafhanklikheid — sy republiek. Met behoud van selfrespek en die besef aan 'n werklik vrye wil, kan hy dan vryelik assosieer met die lande wie se lot met syne saamval.

As die Britte 'n simbool nodig het, ons ook. Hul simbool herinner ons aan die vernietiging van ons eie simbool, en daarom kan daar nooit sprake wees van spontane saamwerking of goeie begrip solank die simbool van ons onderwerping ook moet dien as die simbool van ons „onafhanklikheid” nie. Die rede mag by oormaat van oorwegings hierdie teenstrydigheid nog so wil aanvaar, maar die hart met sy diepe bruisings wat opstoot tot magtige inspirasie of slappe moedeloosheid, kan nie met die skyn bedrieg word nie.

Brief Aan My Partyvriend :

Kritiek Is Welkom, Dog Moet Spontaan Wees

Geagte Vriend,

Ek is bly om te sien dat jy nou toegee dat dit blykbaar beste is om nou, solank die nasionale regering aan bewind is, propaganda te maak vir die nuwe — of liever die ou Boerestelsel van 'n partylose staat, in plaas van te wag tot die Afrikaner weer in die opposisie is. Dit is hier waar ek meen die Ossewabrandwag sy grootste bydrae kan lewer, want as organisasie wat self buite die party-politiek staan, hoewel hy sy lede aanmoedig om hul aandeel daar te neem binne die huidige stelsel, kan hy die vlam vir 'n partylose republiek aanblaas sonder dat dit die regering kompromitteer in sy parlementêre stryd. Onderwyl die partye dus voortgaan om hulle te bepaal by die aktuele vraagstukke waarmee die parlement te doen het, kan die Ossewabrandwag buite om die volksmening voorberei vir die nodige besluit om na iets beters oor te skakel. Sodra die volksmening hiervoor ry is, kan die regering die gewenste hervorming teweegbring.

MAAK RYP

Maar soos iemand kort gelede in Die O.B. geskryf het, beteken dit dat mens nie moet sit en wag tot die volk vanself ryp word vir die republikeinse gedagte nie. Nee, jy moet hom ryp maak! As ons nou almal gaan stilsit met gevoude hande en ons maar net bepaal by die daaglikse partypolitieke stryd, vergeet die volk sy ideale en word hy so gewoon daaraan dat hy die huidige stelsel later maar weer as sy eie tradisie aanvaar, en beteken dit maar weer groot stryd om die ideale opnuut te verkondig.

EERSTE STAP

Die eerste stap behoort te wees dat ons die volk se oë moet oopmaak vir die feit dat die parlementêre stelsel nie ons eie erfstuk is nie, maar 'n Britse erflating net soos die Indiër-vraagstuk ook 'n erflating van Britse imperialisme is. Ons kan die Britse imperialisme op sy eie terrein beveg, soos ons in die partye dan ook doen, maar ons moet hom uiteindelik op ons eie terrein kry om hom finaal te verslaan en daardie terrein is die republikeinse partylose staat van 'n Kruger en Steyn waar die Britse imperialisme so ondergesit was, dat hy uiteindelik die hulp van 480,000 Britse soldate moes inroep om sy uitbuitingsdoel te bereik.

Werkloosheid Moet Vreemdes Eerste Tref

Die Minister van Arbeid, mnr. B. J. Schoeman, het instruksies aan sy Departement gegee dat Unie-burgers voorkeur bo immigrante moet geniet en dat indien daar mense afgedank moet word, immigrante eerste hiervoor in aanmerking moet kom. In gevalle waar die keuse tussen die afdanking van 'n hoogs bekwame immigrant en minder bekwame Unie-onderdaan ter sprake kom, kan die Departement vertoë tot die regering rig om oor die geval te beslis.

DIKTATUUR

Ek sien jy maak melding van die feit dat mense dink die O.B. wil 'n diktatuur in die lewe roep — 'n soort eenpartystelsel wat alle kritiek sal wil uitroei. Die moeilikheid is natuurlik dat onder die partystelsel mense net een kant van die saak hoor. Elke party rig vir hom sy eie pers op en sy lede lees dan net die koerante van hul eie party. Mense wat nie Die O.B.-blad lees nie, het dus nog nooit die O.B. se standpunt korrek vernemen nie, want dit is die taak van die partypers om die standpunt van hul teenstanders of gewaande teenstanders so onaanneemlik moontlik by hul lesers voor te stel. Jy kan dus nie mense kwalik neem as hulle glo dat die O.B. 'n eenpartystelsel wil bring wanneer uitlatings dat die O.B. 'n partylose staat begeer, in die pers as volg gerapporteer word nie: „Die O.B.-leiers sê hulle wil 'n partylose (d.w.s. eenparty-) staat tot stand bring,” soos ons onlangs nog weer 'n voorbeeld gehad het.

GROOT VERSKIL

Nee, daar is 'n baie groot verskil tussen 'n partylose en een-partystaat. In eersgenoemde geval is mens teen die bestuur van die staat deur 'n party, en of dit nou een party of meer partye is wat die grondslag vir die staatsbewind vorm, in beginsel is albei maar seksionele regering — regering deur 'n seksie met uitsluiting van ander bekwame burgers. Dit wil die O.B. nie. Daarom het ons midde in die oorlog gesê dat hoewel ons simpatie het met die Duitsers in hul stryd, en ook met sekere van hul politieke gedagtes, soos die idee van volksorg, ons nie saam met hulle stem oor die eenparty-stelsel van die nasionaal-sosialisme nie. In Suid-Afrika wil ons 'n GEEN-partystelsel hê wat waarlik volksverteenvoerwoordigend sal wees.

ONS EIE

Nou wat is 'n partylose staat? Dit is maklik om te sê, want ons het dit in die Boere-republieke gehad. Dis ons eie ding, deel van ons volkskarakter.

Beteken dit nou dat ons daarin geen verskil van mening wil toelaat nie? Glad nie. Ons voorouers het soms skerp meningsverskille gehad, en onder 'n partystelsel sou daardie meningsverskille seker tot onheilbare breuke gely het. Maar hierdie meningsverskille was spontaan en elk tot sy besondere aspek beperk. Die Joubert-rigting wat by voorbeeld meer toegeeflik ten opsigte van die uitlandervraagstuk wou wees, het net oor uitlanders van die Krugervolgende verskil. As pres. Kruger 'n paar minute later standpunt inneem teenoor die Indiër-vraagstuk, het daardie „Joubert-mense” hom soos een man weer gesteun.

SPONTAAN

Met ander woorde, binne 'n partylose staat is kritiek iets spontaans en stem elke man oor 'n bepaalde saak soos sy gewete of oortuiging hom lei, en nie soos sy kous hom voorskryf nie. Want 'n kous is alleen nodig wanneer mens 'n soort oorlog om besit van die staatsbewind voer.

Dan is dit jou krygsraad wat jou taktiek moet oorweeg en jou „soldate” se gehoorsaamheid moet verseker in die stryd om die groen kussings.

Maar as alle eerbare burgers — en renegate word is geen land as eerbare burgers behandel nie — deel het aan die regering, waarvoor is daar 'n kous of krygsraad dan nodig? Dit is iets wat as vanself geen plek in 'n partylose republiek het nie.

OOR HELE LINIE

Ons kan dit so stel: Onder die partystelsel van vandag, is daar 'n reeks vraagstukke van a tot z. Sommige van hierdie vraagstukke is op 'n bepaalde tyd meer aktueel as die ander. Die politieke partye moet van mekaar verskil, en hulle neem dus teenoorgestelde standpunte in ten opsigte van die aktuele vraagstukke van die dag. Die opposisie-party se aanhangers word by 'n verkiesing dus opgesweep om oor punt A stelling in te neem teen die regerings-party. Vraagstuk A word dan 'n „plank” in die politieke stryd. Duisende kiesers stem nou vir die Opposisieparty omdat hulle met sy standpunt saamstem oor vraagstuk A, maar sommige duisende van daardie party se ondersteuners verskil weer van mekaar oor punt B, en ander weer oor punt M en nog ander weer oor punt Z. Op daardie punte stem hulle weer saam met ondersteuners van die regering. Maar nou is dit noodsaaklik vir die opposisieparty om oor die hele linie van die slagveld, d.w.s. op alle punte, van A tot Z stelling in te neem teenoor die regering. Hy dwing dus sy lede om ten spyte van hul afwykende oortuigings teen hul oortuigings te stem wanneer punte B, M en Z op een of ander tyd in die parlement ook ter sprake kom.

Ons Boerestelsel van 'n partylose staat of volkstaat is dat elke burger en volksverteenvoerwoordiger die reg het om op elke punt volgens sy eie oortuiging te stem. Op elke punt sal die uitslag van 'n stemming dus verskillend wees.

Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B.”

VOLKSPELEFEES

(Gereël deur die W.K.V.)

★
STADSAAI, MAITLAND
VRYDAG, 29 OKTOBER
om 8 nm.

- Baie tyd vir speel!
- Goeie program!
- Voorstelling nuwe mansdrag!
- Verversings te koop!

TOESKOUERS:
Volwassenes 1/6
Skoliers 1/-
DEELNEMERS 2/6
(Belasting ingesluit)

HAARPREPARAAT

SKILVRY - HAARPREPARAAT en Skilferverhoedmiddel verwyder droë kopel en hare. Uitstekende haarpomade. — By aptekers of Heyns Mathew, Kaapstad. (3)

KRUGERDAGFEES GEVIER IN GROOT EENSGESINDHEID

POTCHEFSTROOM.—Krugersdag is vanjaar op 16 Oktober te Potchefstroom gevier onder leiding van die plaaslike skakelkomitee. Die verrigtinge het die oggend begin met 'n kleurrike optog deur die dorp waaraan feitlik alle Afrikaanse organisasies deelgeneem het, en dit was een van die grootste optogte wat vir jare in Potchefstroom gesien is.

Op een stadium het die optog gesplits en na verskillende

BOEREJEUGLID OORLEDE

Terwyl die kommando van Wilgenhoutsdrif op 9 Oktober besig was om hul feesverrigtinge te begin, is onverwags tyding ontvang dat die dood Sarah Johanna Steenkamp, jongste dogtertjie van oud-komdt. Jan Steenkamp van Wilgenhoutsdrif, weggeneem het. Sy was twee jaar en ses maande oud. Dit was vir die kommando 'n skok en daar was geen feesstemming meer nie. Haar heengaan word deur die Boerejeug en die Kommando diep betreur. Tydens die verrigtinge is die O.B.-wag opgestel en terwyl die vlag gehys is, het almal op aandag gekom en 'n mosie van roubeklag is deur wag-kommandant E. A. Nel voorgestel. Gesang 20 vers 9 is daarop gesing. Die kommando betuig graag sy innigste deelneming met die beproefde ouers en familie. (Korr.)

monumente gegaan waar kransleggings waargeneem is deur die verskillende organisasies.

Die Boerejeug het die speerpunt gevorm voor die verskillende jeugorganisasies en hul flinke en afgerigte optrede het groot indruk gemaak op die publiek. Ook die O.B.-wagafdelings met hulle orkes het 'n besondere plek in die optog gevat. Verder het die deelgeneem die Nasionale Jeugbond, die Voortrekkers en die verskillende skole. 'n Perdekommmando, Voortrekkerwa en vlotte van die verskillende skole en inrigtings het ook hulle deel bygedra om van die optog 'n sukses te maak.

SAMEWERKING

Spesiaal kan genoem word die noue samewerking wat daar geheers het tussen die Voortrekker- en Boerejeug-bewegings. As gevolg hiervan was die Boerejeug in staat om die puik afgerigte speerpunt voor die optog op te stel. Die Boerejeug van Klerksdorp het ook vir die geleentheid oorgekom en aktief deelgeneem aan die verrigtinge.

Die feesvierings is die oggend afgesluit met 'n toespraak van mnr. Dirk Mostert, L.V., „Vandag sien ek nie hier verskillende organisasies en groepe nie, maar slegs een groot feesvierende menigte“, het spreker gesê.

Alle eer kom die skakelkomitee van Potchefstroom toe vir die puik reëling van die program wat baie glad verloop het. — (Korr.)

„Legion' Praat Namens S.A. Sol- date In Buiteland

Die „Springbok Legion“ wat weens sy politieke neigings in Suid-Afrika nie deur die regering erken word as 'n organisasie wat soldate verteenwoordig nie, het homself aan die begin van die maand op die voorgrond gedring toe hy 'n afvaardiging na die internasionale konferensie van oud-soldate in Londen gestuur het in naam van Suid-Afrikaanse oudsoldate.

Die voorsitter van die „Legion“, mnr. L. Isaacowitz, was die afgevaardigde en het opgetree as onder-voorsitter op die konferensie. Hy is ook deur die Franse president onthaal. Die Londense korrespondent van die Cape Times verklaar dat die Legion 'n „prominente“ rol in die bedrywighede van die byeenkoms gespeel het. Onder meer was Amerika, Brittanje, Pole, Frankryk, België en Nederland verteenwoordig.

KLAGTE EN VREES OOR NATURALISASIE VAN DUITSERS

Terwyl 'n berig in Die Transvaler kla dat daar etlike Duitsers in Suidwes is wat reeds lank in die land is maar onlangs moes ondervind dat hulle nie vir naturalisasie in aanmerking kom nie omdat hulle nie aan die skriftelike taaltoetsvereistes voldoen nie, berig die Cape Argus dat 'n groot aantal Duitsers, selfs diegene wat bekend staan as Nazi's, nou genaturaliseer word. Die Suiderstem gaan selfs so ver om te verklaar dat die Duitsers in Suidwes Suid-Afrika nou gaan regeer omdat die Suidwes-verteenvoordigers in die volksraad die regering 'n besliste meerderheid kan besorg.

Die Transvaler verklaar dat Duitsers wat reeds 30 jaar in die land is nie Unie-burgers kan word nie omdat hulle byna almal Afrikaans en Engels kan lees en praat, maar nie in staat is om dit te skryf nie. „Hierdie toedrag van sake het baie Duitsers in groot mate teleurgestel, aangesien hulle gehoop het dat die Nasionale regering sal toesien dat naturalisasie aansienlik vergemaklik sal word omdat hierdie Duitsers voorheen almal outomaties naturalisasie besit het.“ Waar aansoeke van die hand gewys is, mag persone nie weer aansoek doen voordat 'n jaar om is nie.

Die blad voeg daaraan toe dat aansienlike aantal Duitsers nie nou aansoek gaan doen nie. Dit is hoofsaaklik diegene wat voorheen naturalisasie besit het maar deur die vorige regering ontnem is, en Duitsers wat om politieke redes afgekeur is.

burgers te word deur die proses waardeur immigrante moet gaan.

Dr. Malan het verklaar dat die Duitsers wat lank in die land is op besondere wyse tegemoet gekom moet word en dat hy simpatiek op die kwessie sal ingaan.

Ondersoek Na Werktoestande

Die Minister van Arbeid, mnr. B. J. Schoeman, het 'n kommissie aangestel wat die nywerheidswetgewing moet ondersoek. Die kommissie bestaan uit dr. J. H. Botha, mnr. J. Calder, A. G. A. Fichardt, J. Slabbert, M. Smuts, L. J. van den Berg en W. H. Windsor. Die taak van die kommissie word onder sewe hoofde aangedui waarin onder andere verwys word na werktoestande, masjinerie om geskille te besleg, die geslote geledebeginnel en die wenslikheid van aparte vakbonde vir blankes en nie-blankes.



DANS VIR PLESIER

Maar vir persoonlike frisheid

en betowerende welriekendheid

is die antwoord

K W V

-reukwater

EN

-laventel

RODUKTE VAN SUID-AFRIKA

„Nigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad,
Posbus 4883, Johannesburg.

6-48

SKULDIG SONDER VERHOOR

Mnr. Leibrandt van den Berg, Aliwal-Noord, skryf: (onder datum 15 Oktober): Wil dr. Malan werklik 'n versoening tussen al die Afrikaanssprekendes bewerkstellig?

As ek moet oordeel na sekere uitlatings by geleentheid van sy toespraak op Klaver voel ek geneë om „nee“ te antwoord. As rede hiervoor verwys ek na enkele sinsnede uit die gepubliseerde toespraak:

„Daar (bedoelende die kommissie van ondersoek in Duitsland) is wel heelwat gevind teen sekere ander persone (na hy die H.N.P.-leiers skoongewas het). Onskuldiges is in interneringskampe gestop, maar werklike skuldiges het nie daarin gekom nie. Die vorige regering het al die inligting gehad, maar die persone is beskerm vir die V.P. se eie doeleindes.“ En weer „Die V.P.-regering het gevind dat die H.N.P. en sy voormanne onskuldig is en dat ons nie Nazis is nie en dat daar wel andere was wat oortredings begaan het.“

Nou stel ek die vraag wie bedoel dr. Malan by „sekere ander persone.“ „werklike skuldiges“ en „Persone“ wat „beskerm“ is vir die V.P. se eie doeleindes?

As mens in gedagte hou die beskuldigings van dr. Malan dat dr. Van Rensburg met genl. Smuts heul en die verwysing van die Nasionale koerante na dr. Van Rensburg as die persoon teen wie die elekiesie sou bars, dan is die antwoord dis hy en die O.B's.

Sou dr. Malan nou al dieselfde doen as die V.P's. om mense te veroordeel sonder verhoor? Kan hy dan nie sy wrok en vete teen die O.B's vergeet nie — mense wat gehelp het om hom die verheve posisie te laat beklee wat hom tans toegesê is?

Soos Ons Lesers Dit Sien

Moet Help In Verkieping

„Student.“ P.U.K. Potchefstroom, skryf: Soos ons almal weet staan ons weer voor 'n gebeure van groot betekenis betreffende ons doel en ideaal en dit is die provinsiale verkiesings. Soos die K.G., advokaat Vorster en baie van ons ander sprekers gesê het, ons is as Ossewabrandwag nog nie ryp genoeg om self of te tree nie, dus moet ons die beste maak van toestande soos ons dit nog het. Ons moet ons volle steun inwerp by die Afrikanerparty en Nasionale Party met hierdie verkiesing, want hulle is nog vir ons die middels in die huidige toestand waarvan ons die beste gebruik kan maak om ons ideaal te dien.

Die partye mag my miskien kwalik neem as ek hulle „middels“ noem maar die O.B. is self slegs 'n middel vir ons wat daaraan behoort — slegs 'n middel tot ons grootste ideaal. Ons ideaal is die opheffing van ons volk wat tot in die dieptes van die uitheemse verderf verval het. Ons wil ons volk ophef en laat verrys tot op 'n vlak, van 'n gesonde diene van ons God deur behoud van ons beginsels, sedes en gewoontes wat 'n voortvloei is van ons strenge en tog kinderlike geloofsvertroue in ons Almagtige Vader.

Om hierdie doel en ideaal te bereik sien ons as Ossewabrandwag ons eie beweging met sy kragtige en rotsvaste beleid as die beste middel daartoe. Maar ek herhaal: die middel wat ons die beste ag is nog nie ryp daarvoor nie en laat ons dus ons ideaal dien deur ons mede-Afrikaner te steun in die komende Provinsiale verkiesings, tot tyd en wyl ons ryp genoeg is om self op te tree wanneer ons hulle steun dan weer nodig sal hê.

PENSIOENE

Mnr. J. T. Fouché, Napier, K.P., skryf: In die Volksraad is besluit om verhoging van pensioene toe te staan aan krepele, ongeskiktes en andere. Wat sou dan die rede wees dat hier by ons baie pensioentrekkers is wat nou minder ontvang as voorheen? Ek het ook nog nie van iemand verneem wat meer kry nie of wat ook agterstallige geld kry nie. Wat sou die rede wees?

Ek trek self nie pensioen nie maar 'n sekere vrou wel en sy kry ook nie meer nie. En daar is seker nie 'n meer beproefde huis in ons dorp nie. Ons kan ook sê, my vader en my moeder het my verlaat, maar die Here het ons aangeneem! Daar was seker nie 'n slegter of wreder daad te bedink nie soos ek vervolg is. Maar Goddank ek kan nog sê my God, my Volk, en my Land, Suid-Afrika.

Al was ek nie 'n aktiewe lid van die O.B. nie en het ek maar net onder sy beskerming ingegaan, was ek nog nooit spyt nie. Vandag nog het ek en my gesin by die plek verby gestap waar die Dirkie Uys-wa in 1938 sy spore op die nat sement getrap het en kon ek hulle daarop wys hoe dit nou toegegroei is onder gras. Wie sal dit weer oopmaak? Waar is die honderde en duisende voorgangers vandag?

(Die Kantoor van Pensioene deel mee dat alle persone wat ouderdoms- en ongeskiktheids-pensioene ontvang, verlede maand nog die gewone f5 ontvang het. Volgens die parlementsbesluit, sal hierdie bedrag in die toekoms f6 per maand wees. Dit sal waarskynlik vanaf aanstaande maand uitbetaal word. Die verhogings is egter van terugwerkende krag tot 1 April vanjaar. Niemand het nog die agterstallige geld ontvang nie, daar dit eers in November of Desember uitbetaal sal word.—Red.)

BEGAAN

Die Cape Argus hang egter 'n heel ander prentjie op en is besonder begaan oor die aantal Duitsers wat naturalisasie ontvang. Die blad verklaar dat die vorige regering 5,000 Duitsers gedaturaliseer het en dat aansoeke vir naturalisasie wat voorheen na die Administrateur verwys is, tans na die Minister van Binnelandse Sake verwys word. „Honderde van die Duitsers wie se aansoeke om naturalisasie geslaag het, is as kiesers geregistreer. Dit word verwag dat die grootste gedeelte van die gedaturaliseerde Duitsers se name binnekort op die kieserslys sal wees. Meeste van hierdie Duitsers is simpatiek teenoor die Nasionale.“

BELOFTE

Tydens die besoek van dr. Malan aan Suidwes het 'n afvaardiging Duitsers hom ontmoet en verklaar dat hulle volwaardige burgers van die land wil word deur 'n eed van getrouheid af te lê in plaas van Unie-

U Linnepakkie is by

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

DEFTIGE SKRYFPAPIER — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.

„Egerton Wove“ lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) 3/- per doos.
„Petersburg 1850“ lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) 6/- per doos.
„Foreign Mail“ uifers smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) 7/- per doos.

BESTEL VAN:

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD
* ALLE SKRYFBEHOEFTE VOORRADIG *

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pat. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pat. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensieged, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

VAN DER MERWE. — Aan Eerw. en Mv. W. P. van der Merwe van Barkly-Oos 'n lieflike seuntjie op 29 September. Dank aan die goeie Gewer, asook aan die geneesheer en verpleegsters. 27/10/18

VERLOWING

VAN ROOY—HESLINGA. — Die verloving word bekend gemaak van Stien, jongste dogter van mev. en wyle mnr. P. Heslinga van Pretoria, en Dirk, tweede seun van prof. en mev. D. J. van Rooy van Potchefstroom. 27/10/18

AANSOEK OM BETREKKING

Duitser — 29, ongetroud — soek betrekking liefs Handel (In-/Uitvoer) of hotelwese. Uitstekende kennis Engels (gevangene V.S.A., Brittanje). Passaat uit dienste betaalbaar. Skryf aan Die O.B., Bus 1411, Kaapstad. 27/10/38

BOME, PLANTE EN SAAD

Groenwermingsgesertifiseerde Groentesaad: Chantenay Wortels, 10/-; Detroit Beet, 5/6; Skorsies: Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pastepapoeitje, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaaralaal, 17/6; Marlobe Tamatie-saad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Bloemkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — PREMIERS, P.I. Schoemanshoek.

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD: Chantenay Wortel, Detroit en Egyptiese Plat Beet, 7/6 lb; Tom Watson Wonder Waatlemoen, 9/6; Hubbard en Langwit Bospampoen, 9/-; Groenfeest Saaderte (minimum 5 lb.), 1/- lb.; Beauty Tamatie, 30/- lb.; 9/- 1/4 lb.; Vroeë Kaapse Plat Uie, 9/- lb. Unie Posvry. — Kango Saad-ekkers, Posbus 107, Oudshoorn. 8/9/TK

ELEKTRISITEIT

Verlang u elektrisiteit op u plaas? Raadpleeg ons in verband met die moderne „WINPOWER”-plaaissigte. Die prys is billik en die toets verban alle ongeriewe. — Algemene Distributeurs (Ko-op.) Bpk., Lady Greystraat 75 (Telefoon 1191), Paarl. TK

GEMENG

VAN'S CONCRETE PRODUCTS

ALLERLEI — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artekeis essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe: — **VAN'S CONCRETE PRODUCTS** (EDMS.) BPK., Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

HONDJIES

Alsation (Wolf) Hondjies (8 weke oud); vader, conta de repose (registrasienommer 76394) — moeder, ongeregistreerd. Reuntjies £3/3/- stuk. Ook ongeregistreerde teef (3 jaar oud), getroue waghond, £3/3/-. — A. S. Zeeman, Robertson. 20/10/2B

Geregistreerde pronkrug leeuondjies, gebore 25/9/48. Pronke volmaak. Sinus Dermaluis-vry. Tevredenheid gewaarborg. Reuntjies £5/5/-. — J. Kemp, Vorster, l'Idéal, Motkop, K.P. 20/10/2B

MEDISYNE

ANTIGRYS kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. — Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. 27/10/Nr.(2)

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker prys. Babawaentjies, stoek-karretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katmiegus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

PLAASGEREEDSKAP

Aandag Boere! Ons spesialiseer in die herstelwerk en verkoop van alle soorte trekkers, kar- en trekkehande, plaasimplimente, ploë, ens. Vir die boubedryf vervaardig ons staalbakkies. U vriendelike ondersteuning sal waardeer word. — **Paarl Welding Works**, Lady Greystraat 75 (Telefoon 1191), Paarl. TK

Het u iets nodig op u plaas? Ons is distributeurs van alle plaasgereedskap, waterenks, hekke, draad, bemestingsowwe, spuit- en dipstowwe, spuitmasjiene, swawel, beenmeel, veelek en alle soorte blomsaad. Raadpleeg ons vir verdere besonderhede en plaas u bestelling vroeg. — **Algemene Distributeurs (Ko-op.) Bpk.**, Lady Greystraat 75 (Telefoon 1191), Paarl. TK

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidspreekdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidspekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIEENS.) BPK.**, Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad. Telefoon 3-0164. 13/10/12

TE KOOP

„ATLAS” - vragmotorbakke, sleepwaens, druiwepakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrekke en -afkortings; die bou van houthuise („bungalows”). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING**, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1233.

SOUT. — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1. 80/-; sneeuwit no. 1. 70/-; wit no. 2. 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: Komde mev. Martie Venter, Possak no. 4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 25/8/TK

STEENMAAKMASJINE. — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe**, Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE**, **EIERS** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Bpk. MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van **ELEKTRIESE APPARAAT** (Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

Volk Kies By Beskuldigde Kant

Tot watter mate die Italiaanse volk reeds opgekrop is oor die verhoor en teregstellings van aanhangers van Mussolini en voormalige leiers onder sy bewind, het geblyk tydens die verhoor van maarskalk Graziani, opperbevelhebber van die leër ná die Badoglio-verraad. Hy word tans in Rome verhoor. Hoewel hy gebrandmerk staan, het die Italianers hom openlik in die hof toegejuig toe hy verklaar het dat hy meen dat Fascisme goed is vir die Italianers. „Jy het gelyk,” het hulle hom toegeroep.

In sy verdediging het Graziani verklaar dat sy houding teenoor Fascisme neutraal was. Hy het erken dat hy 'n boek geskryf het waarin hy Fascisme as heilzaam vir die volk beskryf het, en hy staan nog daarby.

Die Week In Oënskou

'N **VIERLING**, drie seuns en een dogter, is in Londen gebore. Die moeder, mev. Bessie Taylor, is 27 jaar oud. Daar is verklaar dat hulle 'n goeie kans het om groot te word. Vier maande gelede is daar 'n vierling in Bristol gebore.

NEGE-EN-DERTIG persone het Donderdag die lewe ingeskiet toe 'n vliegtuig van die Nederlandse lugdiens wat op pad was na Amerika, bokant Skotland onklaar geraak en neergestort het. Twee van die dertig passasiers het die ongeluk oorlewe. Onder die dooies is ook 'n Suid-Afrikaner, mnr. W. Hilarius, hoof-ingenieur van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

DIE AMERIKAANSE LUGMAG het daarin geslaag om met die hulp van 'n V-2 wat sestig myl hoog die lug ingetrek het, 'n foto van die aarde te neem wat 'n oppervlakte van 800,000 vierkante myl dek. Dit is die grootste oppervlakte wat nog ooit tegelyk gefotografeer is. Die foto toon 'n duidelike buiging in die vorm van die aarde, word verklaar.

DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE sal drie senders in die buiteland aankoop wat gebruik sal word vir die C-handelsuitsaaiens, volgens die voorsitter van die Radioraad, dr. S. H. Pellissier, bekend gemaak het. Volgens berekening sal dit sowat 'n jaar duur voordat daar met hierdie uitsendings 'n begin gemaak kan word.

NA BERAADSLAGINGS het die Uitvoerende Komitee van Transvaal en 'n afvaardiging van die Mediese Vereniging besluit dat die Minister van Justisie gevra moet word om 'n regter aan te stel wat as bemiddelaar in die hospitaalgeskil kan optree.

DIE REGERING het aangekondig dat 'n kommissie van ondersoek aangestel is wat griewe van spoorwegamptenare sal ondersoek wat meen dat daar teen hulle gediskrimineer is vanweë hulle gevoel ten opsigte van die oorlogsbeleid en hul politieke gesindheid gedurende die oorlog.

DIE MUNISIPALITEIT VAN MOSSELBAAI het in beginsel 'n besluit aangeneem wat as dit in werking gestel word, elektrisiteit vir Albertinia, Riversdal en Heidelberg sal voorsien. Die koste aan so 'n skema verbonde sal £58,000 wees.

Verandering In Werkversekering Aanbeveel

Die kommissie wat die ongewilde Werkloosheidsversekeringswet moes ondersoek, beveel aan dat die bestaande wet wat in 1946 deur dr. Colin Steyn geloods is, herroep en die versekering op vrywillige grondslag geplaas moet word.

Die bestaande wet maak versekering verpligtend vir die meeste groepe werkers. Die voorstel van die kommissie wil dat werkers self moet besluit of hulle verseker wil word of nie. Die kommissie wil voorts alle naturelle van die versekering uitsluit asook seisoenwerkers wat slegs 'n deel van die jaar werk.

Meng-Huwelike In 30 Amerikaanse State Verbode

Suid-Afrika is van alle kante in die afgelope jare voor die wêreldmening beskuldig dat hy tussen rasse diskrimineer, maar dit is interessant om te weet dat die meerderheid state van Noord-Amerika verskillende grade van sogenaamde „rasse-diskriminasie” op hul wetboeke het, en in etlikes van hulle bestaan daar nog die praktyk om nie-blankes koelbloedig dood te skiet of op te hang wanneer hulle sulke wette oortree — iets wat gelukkig nog nie van Suid-Afrika gesê kan word nie.

In dertig van die agt-en-veertig Amerikaanse state is gemengde huwelike deur die wet verbied. Hierdie wette het nog altyd alle toetse wat daar aan hulle gestel is oorleef.

Aan die begin van die maand is daar egter in een van hierdie state, California, 'n verandering in die bestaande toestand te wegegebring toe die hoogeregshof met vier stemme teen drie besluit het dat die wet wat gemengde huwelike verbied, onkonstitusioneel is. Die huwelik, so sê hierdie regsgeleerdes, is 'n fundamentele reg van die mens en dit hou in dat elke persoon kan trou met wie hy wil. In Amerika word die vrees nou uitgespreek dat hierdie uitspraak die begin mag wees van 'n agitatie teen die bestaande wette in die ander state.

Hoewel daar in Suid-Afrika in die verlede al baie geagiteer is vir die aanneem van wette wat gemengde huwelike sal verbied, en daar ook verkiesings oor gevoer is, het dit niks verder as praat gekom nie. Trouens, daar is op die oomblik geen staat in Afrika wat gemengde huwelike verbied nie. Gemengde huwelike was slegs in Abessinië ongeldig so lank as dit onder Mussolini se gesag gestaan het.

AGTER TRALIES

In die tydskrif Time bevat 'n paar voorbeelde van Amerikaanse apartheid. Toe 'n neger onlangs aansoek doen om toelating tot die Universiteit van Arkansas, het die owerhede besluit om algehele segregasie toe te pas, en die neger is apart in 'n klaskamer onderdruig. Omdat die blanke klaskamers

besonder vol was, het van die blanke studente gevra of hulle nie ook maar saam met die neger die klasse kan bywoon nie. Dit is toegelaat maar nie voordat daar tralies rondom die neger se sitplek aangebring is nie. Eers nadat die studente-owerheid hierteen beswaar gemaak het is die tralies verwyder.

Die federale hof in Oklahoma het aan die begin van die maand uitspraak gegee dat die wet wat negers verbied om aan universiteit van Oklahoma te studeer, „onkonstitusioneel” is. Die regters het hulle egter nie teen segregasie uitgespreek nie maar verklaar dat negers dieselfde voorregte moet geniet, en as daar nie dadelik voorsiening hiervoor gemaak word nie, dan moet hulle tot blanke universiteite toegelaat word.

AGTER IN BUS

'n Donkerkleurige Indiaanse meisie uit Navajo wat 'n studie-beurs van 2,000 dollars verower het, het besluit om dokter te word. Met hierdie doel voor oë het sy besluit om haar na New York te begeef. Voordat sy egter in New York aangeland het, het haar moed haar begeef weens die moeilikheid wat sy met haar kleur ondervind het.

Met haar reis deur die state waar daar geen segregasie bestaan nie, het alles goedgegaan. Toe sy die gebied egter verlaat en voor in een van die busse sit, is sy deur die kondukteur gebied om agter te gaan sit „waar sy hoort.” Sy het so groot geskrik dat sy afgeklim en teruggekeer het na haar huis.

MAATSKAPPYVERGADERING — (vervolg van bladsy 7)

baar 'n poging van die kant van die staat om te voorsien in die oorweldigende begeerte na persoonlike beveiliging. Lewensmaatskappye was vir baie jare op die voorpunt om aan hierdie behoefte te voorsien, en wel op 'n uiters bekwaame wyse, sou ek sê. Die versekerde persone verskaf hul eie dienste deur hul samesluiting en betaal die eise wat uit hul geleedere ontstaan. Die versekeringsmaatskappye bewonder hierdie gesamentlike hulpbronne en elke lid van die groep kies 'n tipe en grootte versekering wat by sy behoeftes pas.

Meeste van die staatskemas in verband met maatskaplike maatreëls bevat inderdaad die beginsel van versekering, dit wil sê, om die risiko waaraan die individu onderhewig is, te versprei oor die breë rug van die gemeenskap of groep, maar uit die aard van die saak kan die beskerming wat verleen word nie so nou verwant wees aan die individu se behoeftes of sy bydraes as wat dit die geval in lewensversekering is nie.

Om nou van die individu oor te gaan tot die groep: 'u Genootskap is die baanbreker op die gebied van pensioenskemaversekerings waardeur firmas en hulpfondse deur gesamentlike bydraes voorsiening maak vir die ouderdom of uiteindelijke dood van hul werknemers of lede. Hierdie soort versekering omvat baie van die laer inkomstegroepe.

Was dit nie vir die inspanning van die Genootskap om die omvang en werking van sulke skemas uit te brei nie, sou baie mense sonder enige bron hoegenaamd gelaat gewees het in die dag van hul ouderdom of in geval van die dood van die broodwinner. Werkgewers het ook tot die besef gekom dat dit gesonde besigheid is om 'n pensioenskema in die lewe te roep, want nie alleen verbeter die sosiale en menslike aspekte wat ek so pas genoem het, die werknemer se doeltreffendheid deur hom te vrywaar van kommer nie, maar die hulpfondse dien as 'n aansporing vir die waardevolle werknemer om in die werkgewer se diens te bly.

Die versekerende publiek gooi hul vermoëns saam ten einde 'n soort beskerming te verkry wat as noodsaaklik beskou moet word, en wat langs geen ander weg verkry kan word nie. Die toekomstige welvaart en beveiliging van die gewone man word al meer gevind in die verskillende vorms van versekering. U Genootskap het in hom die noodsaaklike faktore van jeug en lewenskrag, gepaard met eeuoue ondervinding om te kan voldoen aan die behoeftes van ons mense wat deur versekering bevredig moet word.

Dames en here, ek het nou groot genoë om voor te stel dat die 103e jaarverslag van die Raad van Direkteure vir die jaar eindigende 30 Junie 1948, met sy bygaande geldelike staat, ontvang, goedgekeur en aangeneem word.

Maatskappyvergadering

HET ZUIDAFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVZERKERING-GENOOTSCHAP

103e Algemene Jaarvergadering

Merkwaardige Vooruitgang In Alle Opsigte

Ou Mutual Betree Gebied Van Brand- En Ongevalle- Versekering

Bestaansveiligheid Gegrond Op Versekering

VOORSITTERSREDE

Die 103e algemene jaarvergadering van Het Zuid-Afrikaanse Onderlinge Levensversekering-Genootskap is op Maandag, 25 Oktober 1948, om 2.30 nm. gehou.

Die waarnemende voorsitter van die raad het, voordat met die werksaamhede van die vergadering begin is, as volg gespreek:—

STERFGEVALLE

Dames en here,

Voordat ons met ons verrigtinge begin voel ek dat dit betaamlik is om te verwys na die treurige verliese wat ons gely het sedert ons vorige vergadering weens die afsterwe van verskillende vriende en kollegas wat in hul verskillende lewenskringe belangrike take vervul het in die werking van ons organisasie.

Ons moet eerste noem senator die Edele W. Bruckner de Villiers wat op 21 Julie van hierdie jaar oorlede is. Mnr. de Villiers was 'n uitstaande figuur in die openbare lewe van ons land, en het met onderskeiding gedien op die raad van ons Genootskap vir 'n tydperk van byna 31 jaar. Sy uitstaande bekwaamheid en energieke temperament was van onskatbare waarde vir ons Genootskap, terwyl sy onderhoudende persoonlikheid almal aangetrek het met wie hy in aanraking gekom het. Ons rou oor hom as 'n vriend en ons sal hom mis in ons beraadslagings.

Ons betreur ook die dood van ses voormalige lede van die personeel, wat almal afgetree het nadat hulle die pensioenouderdom bereik het:

Dr. Charles T. Anderson, voormalige hoof-mediese beampte van die Genootskap, wat op 21 September 1948 oorlede is. Dr. Anderson is in 1902 as hoof-mediese beampte aangestel, en het in 1938 afgetree nadat hy vir 36 jaar lank waardevolle dienste aan die Genootskap bewys het.

Mnr. J. A. Reid van Bloemfontein, voorheen sekretaris van ons Durbanse tak, wat oorlede is nadat hy vir 29 jaar op pensioen was.

Mnr. W. H. Wilson, voorheen hoofklerk in Pretoria.

Mnr. J. C. Hopking, voorheen 'n verteenwoordiger in Paarl en Stellenbosch.

Mnr. A. O. Wagner, voorheen residentsbestuurder van ons Vrystaatse tak.

Mnr. G. L. Webb, voorheen ouditeur-inspekteur.

Ons meld ook met innige spyt die oorlye van die volgende ses lede van ons personeel:

Mnr. C. W. Facer, voorheen distriksbestuurder te Uitenhage, wat oorlede is tydens verlof voordat hy sou aftree.

Mnr. P. J. Hugo, hoof van die kontanttoonbank in die Hoofkantoor, wat in die ouderdom van 55 jaar oorlede is.

Mnr. W. H. Horsfield, verteenwoordiger in Pietermaritzburg.

Mnr. A. P. Rubidge, verteenwoordiger in Kimberley.

Mnr. J. Burger, klerk in Johannesburg.

Mej. A. D. Joubert, tikster in Kaapstad.

Mnr. Burger en mej. Joubert was slagoffers van padongelukke.

Ek wil u almal versoek om op te staan en vir 'n paar oomblikke staande te bly as 'n laaste eerbewys aan die nagedagtenis van hierdie heengegane vriende en kollegas.

Ek versoek nou die hoofbestuurder om die kennisgewing te lees wat die vergadering byeenoeroep.

Die vereiste kworum is aanwesig en ek verklaar die vergadering as behoorlik saamgestel.

Die verslag en rekeninge is gedruk en aan alle lede gesirkuleer en hulle kan as gelees beskou word as u dit so wil.

EISE

Gedurende die jaar het ons 1,402 lede weens die dood verloor. Hulle was die houe van 2,082 polisse. Van hierdie polisse was 291 vir minder as vyf jaar van krag; 293 was van krag vir 5 tot 10 jaar; 632 was van krag vir 11 tot 20 jaar en 866 was van krag vir meer as 20 jaar. Van die polisse wat vir meer as 20 jaar van krag was, was 53 vir 55 jaar of langer van duur.

AFTREDINGS

Die Genootskap het ook die dienste verloor van 'n aantal distriksbestuurders en senior personeel weens bereiking van die ouderdomsgrens. Op die buite-personeel is daar mnr. V. J. Whiteford, distriksbestuurder te Bulawayo, en mnr. E. B. H. Tennant (distriksbestuurder in Johannesburg), mnr. S. W. Portch te Pretoria en mej. M. Baumann te Johannesburg. Op die binne-personeel is daar mnr. P. L. O'Dowd (departementele hoof in Kaapstad) na byna 46 jaar van diens, mej. A. E. Endley te Kaapstad na 44 jaar diens en mej. N. Capper te Oos-Londen.

PLAASLIKE RADE

Die voorsitters van die Plaaslike Rade is na hierdie vergadering uitgenooi, en diegene wat in staat was om dit by te woon wil ek graag hartlik verwelkom. Dit is verder vir my aangenaam om sekere ander lede van die plaaslike rade wat teenwoordig is, welkom te heet. Hulle sal saam met die plaaslike voorsitters en die hoofkantoorraad aan die beraadslagings oor die Genootskap se wye en groeiende belange deelneem.

VERKIESING VAN DIREKTEURE

Die direkteure wat vanjaar volgens rotasie moes aftree, was wyle mnr. Bruckner de Villiers, mnr. G. E. D'A. Orpen en mnr. R. H. Parker, en aangesien daar geen ander benoemings was nie, is hulle behoorlik verkies.

HOOFKANTOORRAAD

Kragtens die magte wat aan hulle verleen is, het u direkteure mnr. N. C. Krone van Worcester aangestel in die vakature in die raad wat deur die dood van mnr. Bruckner de Villiers veroorsaak is. Mnr. Krone is welbekend dwarsdeur die besigheids- en boerewêreld van Suid-Afrika en het uitgebreide belange in Wes-Kaapland. U Genootskap kan homself gelukkig ag om so 'n uitstaande toevoeging tot die personeel van sy raad te mokry.

NUWE BESIGHEID

Die waarde van nuwe besigheid wat hierdie jaar verkry is, oorskry £36½ miljoen, 'n vermeerdering van meer as £6½ miljoen in vergelyking met verlede jaar. Hierdie vermeerdering is teweerkommerkwaardig as daaraan gedink word dat verlede jaar se besigheid 'n rekord was. Ek vra u om saam met my hulde te bring aan die energie en bekwaamheid van ons veldmag.

UITGAWES

Die verhouding van uitgawe teenoor premie-inkomste toon 'n geringe daling hierdie jaar vergeleke met die ooreenkomstige syfer van 1947. Dit is nog ietwat opgedrewe deur die groot omvang van nuwe besigheid wat geskryf is, die koste van lewensloaie aan personeel betaal en kommissie wat betaal is vir die invoering van verbande. As ons uitgawes so aangetas word dat dit die uitwerking van die vermeerderde besigheid uitskakel, sal gevind word dat die vernuwingsstarief na sy vooroorlogse peil teruggekeer het.

PREMIE-INKOMSTE

Die premie-inkomste het aansienlik gestyg soos onderstaande vergelyking aantoon:

Premie-Inkomste	Vermeerdering bo vorige jaar van:
1946 ... £4,794,184	8.7%
1947 ... £5,397,946	12.6%
1948 ... £6,228,817	15.4%

FONDSE

Ons totale bate, met insluiting van die wat betrekking het op pensioen- en ander inwendige fondse, oorskry £58½ miljoen. In hierdie verband kan genoem word dat die boekwaarde van ons effektebeurssekuriteite op 30 Junie 1948 meer as £1 miljoen onder hul markwaarde was. Verder het ons gedurende die jaar onder bespreking sekere staatseffekte van die Unieregering verkoop teen 'n wins van meer as £90,000.

U sal merk dat die verskillende eiendomme wat deur die Genootskap dwarsdeur Suidelike Afrika besit word in die balansstaat aangegee word as £1,812,551. Dit is £268,069 benede die totale munisipale waardasie van die betrokke eiendomme. Afgesien van hierdie verborge reserwe het ons bepaalde reserwes van £750,000 en £540,265 wat onder die hoofde Gebeurlikheids- en Beleggingsreserwe verskyn.

RENTEKOERS

Die netto-rentekoers wat op die Genootskap se Lewensversekeringsfonds gedurende die jaar verdien is, het met nie minder nie as 4/2 tot 4/2/3 persent gestyg. Verlede jaar is verduidelik dat die volle uitwerking van die verbandsleningveldtog nie tyd gehad het om hom te laat geld nie. Dit is egter duidelik dat die tydsagterstand nou ingehaal word.

Dit is aangenaam om te merk dat die egale rentekoers op nuwe beleggings weer 'n vermeerdering toon, naamlik van 4/11/4 persent tot 4/13/6 persent. In hierdie verband kan gemeld word dat die beleggings op verbandslenings gedurende die jaar van £13½ miljoen tot £18½ miljoen gestyg het, en dat

ten einde hierdie nuwe verpligting na te kom, dit nodig gevind is om iets meer as £3½ miljoen aan Unie-staatseffekte te realiseer. Op die datum van die balansstaat het 46.27 persent van die Genootskap se totale beleggings bestaan uit effektebeurssekuriteite, 32.18 persent uit verbande, 1.53 persent uit skuldbriewe, 9.12 persent uit munisipale lenings en 5.37 persent uit polislenings.

INKOMSTEREKENING

Daar sal opgemerk word dat sommige van die items wat in die Inkomsterekening genoem word, nuut is, terwyl ander nie vir geruime tyd verskyn het nie. Twee van hierdie items is „Afgeskrewe Grondeiendom” en „Verlies gely weens Oproeping van Verbande”. Hierdie is uitgawes wat saamhang met 'n bedrywige beleggingsbeleid, en ek is seker dat u sal saamstem dat die bedrag wat gemoeid is betekenloos is wanneer dit gelees word teen die agtergrond van ons groot vermeerderde opbrengs ten opsigte van rente — die werklike verlies wat gely is, is £346 en £273 onderskeidelik.

Die aandag moet ook gevestig word op die oordrag van die som van £300,000 tot die Personeelpensioenfonds en by oorweging hiervan moet daaraan gedink word dat in tye van lae rentekoers en vermeerderde administratiewe koste, alle pensioenfondse die neiging toon om teen 'n verlies te werk. Ten einde die Genootskap se personeelpensioenfonds op solvante voet te bring en die toestand in die toekoms te verseker, het u direkteure besluit om aan die fonds 'n gedeelte van die wins oor te dra wat in die afgelope jaar verkry is uit die verkoop van staatseffekte, terwyl vir dieselfde doel die bydraes uit salarisse met 1 persent vir sowel die personeel as die Genootskap, verhoog is.

Die item „Boetes” wat in ons rekenings byna sedert die Genootskap se stigting verskyn het, het vanjaar verdwyn. Dit was nog altyd 'n verkeerde benaming. Die item het betrekking op rente op agterstallige premies en vir baie jare was dit suiwer rente. Die item „Boetes” is nou vervat in die item „Rente, diwidende en huur”.

'n Verdere item in die Inkomsterekening wat vermelding verdien is die wins wat gemaak is op die verkoop van die Genootskap se Durbanse eiendom in Smithstraat. Hierdie perseel was meer as 50 jaar oud en om die Genootskap se personeel behoorlik te huisves, sou dit nodig gewees het om heeltemal te laat herbou. In plaas daarvan het u direkteure besluit om 'n minder ambisieuse plan aan te pak deur Acutt's Arcade in Gardinerstraat vir £305,796 aan te koop, waarheen gehoop word om die personeel te verplaas sodra die huidige huurtermyn verstryk. Intussen is die ou gebou aan die Durban Corporation verkoop vir £140,000 wat 'n wins meegebring het van £105,963 volgens boekwaarde. In die balansstaat sal lede 'n item sien „Aandeelbelegging”. Dit is die totale aantal aandele van die maatskappy wat Acutt's Arcade besit het, hou. Hierdie maatskappy is besig om gelikwdeer te word, en die item sal hierdie jaar van ons rekeninge verdwyn.

Melding moet ook gemaak word van die item van £1,340,000 wat in die balansstaat onder die hoof „Geld Besikikbaar” verskyn. Met 'n oog vir die geldskaarste wat teen die helfte van die jaar sou ontstaan het en met die oog op die vraag na staatseffekte, het die direkteure stappe gedoen om wanneer die geleentheid hom sou voordoen 'n gedeelte van ons groot bate aan staatseffekte wat tydens die oorlogstyd verkry is, te verkoop; dit het 'n aanloklike wins gelever. Die gevolge van hierdie transaksies het ons in 'n baie vloeibare posisie geplaas en gevolglik was die Genootskap

in staat om gedurende die moeilike maande van Junie en Julie voort te gaan met sy leningsprogram sonder onderbreking.

ONS HULPMAATSKAPPY

Lede sou opgemerk het uit 'n kennisgewing in die dagbladsy dat die Genootskap die totale aandeelbesit verkry het van die S.A. Liberal Insurance Company, Limited, 'n suiwere Suid-Afrikaanse maatskappy met hoofkantoor in Johannesburg en wat besigheid in brand-, ongevalle- en lewensversekering. U direkteure het intussen as hul genomme benoem die here John Mackenzie, Donald Laing, A. I. D. Viney en W. J. Lamb, ons plaaslike direkteure in Johannesburg, en mnr. T. A. Murray, hoofbestuurder, brig. G. C. G. Werdnsmuller en dr. J. Dommisse, as st-hoofbestuurders, om direkteure te wees van die nuwe onderneming. Ek verwelkom mnr. Mackenzie hier vandag, nie alleen in sy hoedanigheid as voorsitter van die Johannesburgse plaaslike raad nie, maar ook as voorsitter van die S.A. Liberal. Dit is die voorneme van u direkteure om die S.A. Liberal onder sy eie naam voort te sit, maar lede word daaraan herinner dat deur hul brand- en ongelukversekering by die Liberal 'n plaas, hulle die groei van hul eie Genootskap bewerkstellig en meehelp om by te dra tot die surplus van die Genootskap. Alle aandeelwinste in hierdie hulpmaatskappy sal aan ons lede toegesê word.

PERSENEEL

Die direkteure is deeglik bewus van die hoë mate van doeltreffendheid van die Genootskap se personeel en ek wil graag hulde bring aan almal van hulle en veral aan die hoofbestuurder, mnr. T. A. Murray, en ons twee asst-hoofbestuurders, brig. G. C. G. Werdnsmuller en dr. J. Dommisse. Met die groot vermeerdering in nuwe besigheid en verband in die afgelope jare is 'n bykomende las gewerp op die binne-muurse personeel sowel wat betref die inskrywing van nuwe besigheid as die hantering van daaropvolgende vernuwings. Moëlikheid word ondervind by die handhawing van 'n goed opgeleide personeel om die werk op datum te hou en u direkteure is bewus van die harde werk en doeltreffendheid van die senior lede van die personeel wat die Genootskap in staat gestel het om die hoof te bied aan die huidige moeilike toestand wat hy saam met ander groot werkgewers van klerklike arbeid deurmaak. Dit is die begeerte van die direkteure om werkvoorwaardes in die Ou Mutual 'n model te maak van wat dit behoort te wees vir 'n beveligde, versekerde en tevrede bevolking, en vir die doel is 'n loeltreffende Personeelpensioen- en Voorsieningsfonds, 'n Weduweefonds en 'n Personeel-Siektefonds in werking vir die voordeel van personeellede en hul afhanklikes. Daarby is dit die beleid van die raad om aan lede van die personeel die volle bedrag te leen wat nodig is vir die koop van huise teen die lae rentekoers van 4 persent solank hulle in ons diens bly. Die bedrag van sulke personeellenings beloop vandag 'n totaal van £334,613 ten opsigte van 205 verbande.

TOEKOMSVOORUITSIGTE

Ek het nou die belangrikste items in die werk van die jaar behandel. Lede kan gelukkig gewens word met die merkwaardige vooruitgang wat deur die Genootskap veral in die afgelope jare gemaak is. U Genootskap het getoon dat hy alle elemente bevat vir 'n nimmer-eindigende jeug. Na meer as 'n eeu van vooruitgang, het hy deur middel van sy hulpmaatskappy ingespring om u brand- en ongevalversekering waar te neem.

Die neiging na steeds groter maatskaplike wetgewing open (vervolg op bladsy 6, kolom 4)

PAPWIEL IETS VAN VERLEDE

'n Motorband wat lek-dig is, het sy verskyning op die mark gemaak. 'n Vloeistof wat by die klep ingegooi word en tussen die band en die binneband is, versek dadelik enige lek wat in die binneband mag ontstaan. Die band is gedurende die oorlog ontwikkel en daarna aan verdere toetse onderwerp wat bewys het dat motoriste hul bande lekvry kan maak deur 'n paar pond ekstra te spandeer. Tydens die toetse is spykers in die bande ingeslaan — selfs 'n elektriese boor is gebruik, maar elke keer het die band homself heel gemaak sonder dat daar veel wind verlore gegaan het.

W'il Protesteer Op 16 Desember

'n Paar ontstamde natuurle het 'n landswyse beroep op hul rasgenote, predikante en stamhoofde gedoen om op Dinsdagsdag in Bloemfontein saam te trek ten einde te protesteer teen die regering se natuurle beleid en die „bevryding” van die natuurle te bewerkstellig. „Sestien Desember moet 'n keerpunt in die geskiedenis wees”, lui die oproep. Dit is onderteken deur dr. A. B. Xuma, prof. D. D. T. Jabavu, prof. Z. K. Matthews en dr. R. T. Bokwe.

MOET GAPING TOESTOP



Ten einde die gaping tussen sy uit- en invoer te verminder, doen Brittanje alles in sy vermoë om sy uitvoer soveel as moontlik te laat toeneem. Motors neem veral 'n belangrike plek in hierdie veldtog, en volgens berigte uit Londen koop Amerika tans sestig maal meer Britse motors as verlede jaar. Die besending Morris-motors in die ruim van die skip, is ook vir Amerika bedoel.

Gedurende die eerste nege maande van die jaar het Amerika Britse motors ter waarde van meer as £3 miljoen pond gekoop. Ten spyte egter van die Britse uitvoerveldtog was die verskil tussen sy uit- en invoer verlede maand £39,000,000. Teen hierdie tempo is Engeland se jaarlikse invoer dus £468,000,000 meer as sy uitvoer.

PLAN OM SOWJET TERUG TE DRUK UIT OOS-EUROPA

Planne wat bedoel is om Rusland nie net teen te staan nie, maar wat beoog om hom terug te druk uit Oos-Europa, word tans deur genl. George Marshall, Amerikaanse minister van buitelandse sake opgestel. Hoewel Brittanje en Frankryk sterk daarteen gekant is dat Spanje hieraan deel moet hê, gee genl. Marshall 'n prominente en strategiese plek aan Spanje in hierdie plan. Hierdie plan beoog om sake met Rusland vroeg aanstaande jaar tot 'n punt te bring.

Daar word berig dat genl. Marshall die steun van Thomas Dewey, die sterkste kandidaat vir die presidentsverkiezing, vir hierdie onderneming geniet.

Die plan hou onder meer in om tyd te win in Berlyn deur die lugtoevoer te vermeerder en te weier om met Rusland te onderhandel voordat die blokkade opgehef is, sodat die wêreldmening in die V.V.O. beslis teen Rusland kan draai. Alle nie-kommunistiese lande in Wes-Europa insluitende Wes-Duitsland moet beweeg word om stappe te doen wat hulle ekonomies, militêr en politiek nader aan mekaar sal trek. Hierdie lande moet geldelike ondersteuning ontvang sodat hulle militêr opgeknop kan word.

OMVATTENDE BOND

Verder moet 'n Noord-Atlantiese verbond tussen Amerika en Kanada aan die een kant en tussen die strategiese Noorweë, Brittanje, Frankryk en die Nederlande, asook Portugal in die lewe geroep word. Daarby moet samewerking tussen die Skandinawiese lande en die gebiede om die Middellandse see bewerkstellig word. Druk moet op die nie-Kommunistiese lande uitgeoefen word om te federeer.

Genl. Marshall glo dat Rusland nie net teengehou moet word nie, maar heeltemal teruggedruk moet word uit Wes- en Oos-Europa.

Kommuniste Voorspel Vir Frankryk Baie Bloed

Wanneer die Kommuniste van genl. Charles de Gaulle praat as „die derde mag” wat doelbewus daarop afstuur om die leisels in Frankryk oor te neem, praat hulle met ontsag van die ondersteuning wat hy van die Franse volk geniet en van die vordering wat sy Volksbeweging gemaak het, maar in dieselfde asem laat hulle duidelik verstaan dat hulle hom met wapengeweld sal beveg en dat bloed sal loop as hy probeer om die bewind oor te neem.

Gedurende sy jongste toer deur Frankryk, het De Gaulle telkens verwys na die onvermoë van die politieke partye om die Franse probleme die hoof te bied. Hy het dit nie teen een party in besonder gehad nie maar teen partye in die algemeen wat verantwoordelik is vir die gedurige regeringsverandering.

Vanweë die haat van die Kommuniste, was De Gaulle verplig om 'n veiligheidsafdeling op die been te bring — „'n privaat leër” — sê die Kommuniste — wat dwarsdeur Frankryk aan militêre oefeninge deelneem en wat hulle voorberei vir die finale oorneming van die staat. Hy beskik ook oor 'n uitstekende inligtingsdiens, word toegegee.

GROOT LEDETAL

Volgens Kommunistiese bronne tel De Gaulle se Volksbeweging reeds 2,000,000 lede wat elk ongeveer 2/6 aan ledegeld betaal. 'n Medewerker van die Kommunistiese blad in Suid-Afrika laat hom as volg in hierdie verband uit: „De Gaulle geniet sterk ondersteuning van die groot ondernemings, vanuit die buiteland, en in die parlement. Hy is deeglik georganiseer en kan staat maak op die ondersteuning van 'n groot deel van die volk wat sy oorlogsverlede onthou en wat verbitterd voel oor die mislukking van die naoorlogse regerings.

TEENSTAND

„Maar, en dit is 'n baie groot maar”, hy word geoppeener deur die georganiseerde werkers wat vas agter die Kommunistiese Party en die politiekbewuste

Franse Vakbondkongres staan en deur miljoene ander demokratiese Franse.

„Vandag staan die magte van Regse en Linkse groepe van aangesig tot aangesig; en hulle weet dat die finale botsing — 'n botsing wat beslissend sal

wees nie net vir Frankryk nie maar vir die hele, Wes-Europese begrip — op hande is.

„Die stryd sal hard en bloedig en lank uitgerek wees — 'n Spanje vertienvoudig. Maar die uitslag sal nie dieselfde wees as in Spanje nie.”

LONDEN DRAF SAAM — (vervolg van bls. 1, kol. 6)

MEES LOJALE

Dit is die geval met Nu-Seeland, Australië en Kanada — die mees lojale dominiums van Brittanje. Die Japanse bedreiging nadat die Britse vloot uit Singapoer verdryf is, het ten gevolge gehad dat eersgenoemde twee die oë na Amerika begin opslaan het, en hierdie gevoel sal bly en miskien nog groei. Wat Kanada betref, hy voel hom in alle opsigte behalwe tradisie met Amerika verbonde en die suigkrag na Washington sal veral hier sterker word in 'n botsing tussen Oos en Wes.

„STREEK-VERDEDIGING”


Maar ook hier probeer die Britte brak gooi, en wel deur nie negatief teenoor die ontwikkeling te reageer nie — iets wat die proses net sal verhaas. Waters wat nie gekeer kan word nie, moet gelei word. Londen beduie aan sy dominiums — wat nie meer dominiums is nie — dat dit heeltemal reg is dat hulle in sover dit verdediging betref, 'n streekbeleid moet volg en maats maak met hul „vryheidshewende bure”. Die Statebondskonferensie het as plan aanvaar dat

Kanada by voorbeeld in noue militêre samewerking met Amerika moet wees, terwyl hy terselfdertyd ook aanskakel by die Westelike Bond waaraan Brittanje, Frankryk, en die Benelux-lande behoort.

GETROOS

Vir die oomblik voel die Britte nog getroos. Die Statebondskonferensie, wat moes dien om die liefde te koester, het blykbaar glad verloop, en met die nuwe status en die gemeenskaplike bedreiging van Rusland, is die eenheid nog bewaar. Selfs die so gevreesde Nasionaliste van Suid-Afrika, het nie skeigebreek nie. Min. Eric Louw kon dan ook die gerustellende woord laat hoor op 'n vraag of die Unie van plan is om die Britse konneksie te wysig, dat hy nie op die konferensie sou gewees het indien, Suid-Afrika nie bereid is om met Brittanje saam te werk nie. Hy het daaraan toegevoeg dat die toekoms maar aan homself oorgelaat kan word. En dit is juis hierdie toekoms wat die Britte vrees, omdat die neiging weg is van Brittanje af, soos Ierland dit breed onderstreep en die selfstandige leiding van Amerika dit al meer forseer.

Huislike Gerief -sonder elektrisiteit



DIE VOSS-WASMASJEN

GEDRYF DEUR PETROLKRAG

is spesiaal ontwerp vir die huise wat ver weg van die gewone elektrisiteitskragtoevoer geleë is. Dit verskaf aan u die geriewe van die stad.

Die Voss-wasmasjien is vervaardig op 'n heeltemal nuwe „drywende” beginsel — dit het net vier beweegbare onderdele. Die vullis word skoner en gouer uitgespoel met die was.

KONTANTPRYS

£56/11/8

VOORWAARDES: Deposito van £7/1/8 en 24 maandelikse paalemente van £2/9/6.

ELEKTRIESE VOSS-WASMASJEN

Soos hierbo. KONTANTPRYS £47/13/10

VOORWAARDES: Deposito van £5/19/0 en 24 maandelikse paalemente van £2.

Die voordeligste vir enige man

is Morkel se Afbetalings Plan



★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG
WATERKANTSTRAAT 61 KAAPSTAD
POSBUS 9721 OOK BELLVILLE EN PAARL

Stuur asb. besonderhede omtrent die Voss-wasmasjien

☐ PETROL ☐ ELEKTRISITEIT

Naam.....

Adres.....